

21 Augustus

**Skrifgedeelte: 2 Tessalonisense 1:3-12 (NAV)**

**Fokusgedeelte: 2 Tessalonisense 1:8, 9, 12**

### **Die wederkoms van ons Here is naby – hou moed!**

Die gemeente in Tessalonika ly swaar. Waarom? Wel, in hierdie hoofstad seëvier die Romeinse mag, godsdiens en kultuur. Dink aan die gruwelike keiseraanbidding, die afstootlike afgodsfeeste en die daaglikse immorele lewe van korrupsie, heerssug, seks, slawerny, uitbuiting ... Goddeloosheid soos vandag hier by ons.

Dan was daar 'n sterk, anti-Christelike Joodse gemeenskap. Met hulle indrukwekkende sinagoge-gebou het hulle mag en rykdom uitgestraal. Hierdie Jode het die kerk gehaat en probeer vernietig (lees Hand. 17:1 ev.). Hierdie sinagoge was in wese 'n *sinagoge van Satan* (Openb. 3:9).

Hoe leef die kerk getrou aan hulle Here in sulke omstandighede? Hoe hou hulle moed? Hoe volhard hulle in roeping en opdragte? Onthou: hierdie kerk het dit reggekry (1:3-6)!

Wel, kom ons stel hierdie vrae aan onself: Hoe slaag ons om in ons eie bouse tyd getrou aan God te bly? Ons leef in 'n moderne wêreld waar elkeen dink en doen wat hy wil. Die tyd van die *corpus christianum* (*groot, kragtige kerk*) is lankal verby. Ons beleef vandag 'n blatante opstand teen God Drie-enig. Miljoene het agting of vrees vir God afgesweer.

Paulus skryf hierdie brief om die gelowiges reg op die wederkoms van Christus in te stel. Die wederkoms is naby. Nie reeds hier, soos sommige verkondig het nie, maar elke dag nader. Op daardie groot dag sal Jesus verheerlik word en ons saam met Hom (1:12). Daarom moet ons aanhou en uithou. Alle spotters en veragters sal geoordeel en gestraf word (1:5-10). Ons sal saam met Christus regeer, vervul met vreugde ... vir altyd!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1*

*Dr. NP Heystek (Emeritus)*